

# **GRONDWET: AFRIGTERSVERENIGING RINGBAL SUID-AFRIKA**

## **1. NAAM**

RINGBAL SUID-AFRIKA  
AFRIGTERSVERENIGING HIERNA GENOEM **RINGBALSA-AV**

## **2. DOELSTELLINGS**

- 2.1 Om die standaard van ringbal in RingbalSA en waar vereis word, te verhoog deur opleiding van afrigters te beplan, te organiseer en te koördineer, sonder diskriminasie.
- 2.2 Om by Ringbal Suid-Afrika (RingbalSA) te affilieer.

## **3. LIDMAATSKAP**

- 3.1 (a) Alle provinsiale federasies en distrikte, deur middel van 'n afrigtersvereniging, mag aansoek doen om lidmaatskap.  
  
(b) Waar 'n nuwe provinsiale federasie of distrik, of 'n provinsiale federasie of distrik wat dormant was, weer in die lewe geroep word, kan sodanige provinsiale federasie of distrik deur middel van 'n verteenwoordiger aansoek doen om lidmaatskap vir 'n tydperk nie langer as twee (2) jaar na stigting of herlewing.
- 3.2 Aansoek om lidmaatskap moet jaarliks hernu word.
- 3.3 Lidmaatskap word aan sittende RingbalSA spanbestuurders en afrigters toegestaan – sonder stemreg.
- 3.4 Aansoek om lidmaatskap en affiliasie moet jaarliks geskied soos aangedui op die RingbalSA jaarprogram.

## **4. BESTUUR**

- 4.1 Die bestuur word soos volg deur die algemene jaarvergadering saamgestel:
  - 4.1.1 Voorsitter
  - 4.1.2 Ondervoorsitter
  - 4.1.2 Sekretaris
  - 4.1.4 Vier addisionele lede

- 4.2. Hoogstens twee (2) lede per distrik (insluitend verteenwoordigers van provinsiale federasies) mag op die bestuur verkies word.  
Die voorsitter word nie geag verbonde aan 'n distrik te wees nie.
- 4.3 Die voorsitter het 'n gewone stem, sowel as 'n beslissende stem. (sien ook 5.6)
- 4.4 Verkose lede sal vir 'n termyn van twee (2) jaar dien.

## **5 ALGEMENE JAARVERGADERINGS**

Die algemene jaarvergadering word soos volg saamgestel

- 5.1 Die voorsitter wat as voorsitter van die algemene jaarvergadering sal optree.
- 5.2 (a) Drie (3) afgevaardigdes per geaffilieerde distrik met 'n volwaardige afrigtersvereniging – geloofsbrief moet ingelewer word.  
  
(b) Een (1) afgevaardigde per geaffilieerde provinsiale federasie of distrik sonder 'n volwaardige afrigtersvereniging – geloofsbrief moet ingelewer word. (Sien 3.1(b))  
  
(c) Een (1) afgevaardigde per geaffilieerde provinsiale federasie met 'n volwaardige afrigtersvereniging – geloofsbrief moet ingelewer word. (Sien 3.1(b))
- 5.3 Die algemene jaarvergadering sal jaarliks, voor die algemene jaarvergadering van RingbaSA gehou word op 'n tyd en plek soos deur die bestuur bepaal.
- 5.4 Kennisgewing aan alle distrikte moet skriftelik een-en-twintig (21) dae voor die vergadering geskied en moet die datum, plek en tyd spesifiseer.
- 5.5 Beskrywings- en / of besprekingspunte moet die sekretaris veertien (14) dae voor die vergadering bereik. Die agenda van die komende algemene jaarvergadering moet die afrigtersverenigings en/of verteenwoordigers en afrigtersbestuurslede sewe (7) dae voor die vergadering bereik.
- 5.6 Stemming oor persone vind per geslote stembrief plaas. Ander stemmings, tensy anders deur die vergadering besluit, kan deur die opsteek van hande gedoen word. Indien daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter 'n beslissende stem, behalwe wanneer dit oor persone gaan; dan word daar weer gestem. Indien daar weer 'n staking van stemme is, word die lot gewerp.
- 5.7 Wanneer die jaarvergadering in sitting is, is dit die hoogste gesag.

## **6 SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS**

- 6.1 Spesiale algemene vergaderings kan deur die bestuur belê word of op skriftelike versoek van minstens vyf (5) distrikte/afrigtersverenigings met skriftelike motivering van die doel.
- 6.2 Kennisgewing geskied op dieselfde wyse soos onder 5.4 en met vermelding van die doel van die vergadering.
- 6.3 Sodanige vergadering moet plaasvind binne 28 dae na skriftelike versoek ontvang.

## **7 BESTUURSVERGADERINGS**

- 7.1. Bestuur vergader so dikwels as wat nodig is vir die uitvoering van sy pligte en doelstellings, of op versoek van twee (2) bestuurslede, of op versoek van die voorsitter.
- 7.2. In die geval van enige vakatures wat in die bestuur mag ontstaan, het die oorblywende bestuurslede die mag om lede te ko-opteer, mits die oorblywende bestuurslede 'n kworum vorm.
- 7.3. Indien die oorblywende bestuurslede nie 'n kworum vorm nie word 'n spesiale algemene vergadering belê om vakatures te vul.
- 7.4. Alle bestuursvergaderings moet getrou bygewoon word. Indien 'n bestuurslid drie agtereenvolgende vergaderings met verskoning of twee afsonderlike vergaderings sonder 'n grondige verskoning nie bywoon nie, kan sodanige bestuurslid vervang word.

## **8 KWORUM**

### **8.1 Jaar en spesiale algemene vergaderings**

- (a) 'n Kworum word gevorm deur die helfte plus een van die geaffilieerde provinsiale federasies en distrikte en die lede moet persoonlik teenwoordig wees met die nodige geloofsbriewe.
- (b) Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie word die vergadering vir vyftien (15) minute verdaag, daarna vorm die afgevaardigdes daar teenwoordig 'n kworum.

### **8.2 RINGBALSA–AV bestuursvergaderings**

- (a) Die helfte plus een lede persoonlik teenwoordig vorm 'n kworum.

## **9 MAGTE, PLIGTE EN FUNKSIES VAN BESTUUR**

- 9.1 Wanneer die jaarvergadering nie in sitting is nie, moet die bestuur toesien dat die werksaamhede van die vereniging in alle opsigte getrou uitgevoer word.
- 9.2 Reël van kursusse vir opleiding van afrigters en voornemende afrigters sowel as toetsing en gradering van afrigters. Alle provinsiale federasie-, distrik- en nasionale afrigters moet van tyd tot tyd geëvalueer word.
- 9.3 Hou 'n volledige register van alle afrigters en spanbestuurders en hul gradering.
- 9.4 Beveel afrigters en spanbestuurders aan vir RingbalSA spanne, in ooreenstemming met die regulasies by die grondwet van RingbalSA
- 9.5 Het die reg om aanbevelings aan RingbalSA uitvoerende bestuur te doen indien 'n afrigter of spanbestuurders hom/haar wangedra of nie volgens die afrigterskode optree nie.
- 9.6 Doen jaarliks aan die algemene jaarvergadering en die bestuur van RingbalSA verslag oor die werksaamhede van die RingbalSA-AV.

## **10. ALGEMENE BEPALINGS**

- 10.1 Alle provinsiale federasie-, distrik- en nasionale afrigters sal volgens 'n goedgekeurde sillabus in die opleidingstruktuur vorder.
- 10.2 Alle provinsiale federasies en distrikte wat geaffilieer is se afrigtersvereniging/-verteenwoordiger resorteer onder die jurisdiksie van die RingbalSA-AV.
- 10.3 Afrigters moet by hul distrikte en RingbalSA -AV geregistreer wees
- 10.4 Afrigters moet kursus(se) in ooreenstemming met die nasionale opleidingsprogram bywoon ten einde die nodige krediet(e) te verdien.
- 10.5 Slegs afrigters op distrikkvlak en provinsiale federasie vlak kan as RingbalSA-AV bestuurslede voorgestel en verkies word.
- 10.6 Finansies van die RingbalSA-AV word deur RingbalSA hanteer en jaarliks moet 'n begroting ingedien word.
- 10.7 Regulasies soos deur RingbalSA se grondwet omskryf met betrekking tot dissipline, appèlle en algemene sake geld ook vir die RingbalSA-AV.

## **AFGEVAARDIGDES NA RINGBALSA VERGADERINGS**

11.1 Die drie (3) afgevaardigdes van die RingbalSA-AV na die algemene vergaderings van RingbalSA word deur die bestuur aangewys soos omskryf in die grondwet van RingbalSA.

## **12 WYSIGINGS AAN HIERDIE GRONDWET**

12.1 Wysigings aan hierdie grondwet kan slegs op 'n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering aangebring word, mits twee-derdes van die aanwesige lede (wat 'n kworum moet wees) daarvoor stem.

## **13 ALGEMEEN**

Die verwysing van “hy/sy” is van toepassing op manlik sowel as vroulik.